*J.W.V. van Huyssteen*

*Gesprek*

# ANTWOORD AAN PROFESSOR ADRIO KöNIG

Ek beskou dit werklik as 'n voorreg om my „tweede spreekbeurt" met 'n dubbele dankbetuiging te begin: aan die redaksie van *Koers,* wat die belangrike saak waarom dit hier gaan, inderdaad belangrik genoeg vind om 'n gesprek oor te voer; en dan ook veral aan Adrio König vir sy skerpsinnige en prikkelende kommentaar. Ter wille van bondigheid én saaklikheid is dit miskien goed om uiteindelik puntsgewys op König se belangrikste vraagtekens terug te kom.

In sy inleidende paragrawe omskryf König tereg die teorie van die teologie as dié gebied in die sistematiese teologie waar dit primêr gaan om vrae insake die „agtergrond, fondamente, metode of waarheid" van teologiese uitsprake. Ek neem aan dat ook hy hiermee die dringende noodsaaklikheid wil beklemtoon van 'n bewuswording van *metodiese* vrae juis in die sistematiese teologie (as u wil: dogmatiek). Inderdaad is die vrae rondom die uitgangspunt prinsipes en teorie(ë) wat bydra tot die vorming van teologiese uitsprake vir die sistematiese teoloog van óns tyd onontwykbaar.

Wanneer König hom egter by Ebeling aansluit en self stel dat dit dus hier gaan om „die verifikasieproses waardeur die waarheid van teologiese uitsprake bevestig of ontken kan word", wil ek graag onmiddellik – sowel wat die problematiek as my standpunt daaroor betref – om bepaalde nuanseringe vra. Vanselfsprekend sal die vraag na die waarheid van teologiese uitsprake altyd in 'n teologiese metateorie opduik (daaroor later meer). Hierdie waarheidsvraag, en daarmee ook die vraag na die wetenskaplikheid van die sistematiese teologie, staan of val egter myns insiens geensins met een of ander *verifikasieproses* nie, maar in die eerste plek *met die vraag na die wyse waarop teologiese uitsprake tot stand kom.* Binne die raamwerk van 'n wetenskapsteoretiese gesprek sou dus gestel kon word dat dit in die teorie van die teologie (sommige praat graag van teologiese wetenskapsleer?) primêr gaan om die kritiese vraag na die *vooronderstellinge* wat teolo-

giese uitsprake (én dus teologiese denkmodelle) bepaal. Hiermee word dus vanself verder gevra na die wyse(s) waarop teologiese hipoteses tot stand kom (vergelyk onder andere die problematiek rondom die verhouding geloofsuitsprake, belydenisuitsprake en sistematies-teologiese uitsprake) én ook die wyse(s) waarop bepaalde aantal hipotetiese uitsprake saamgesnoer word tot 'n teologiese *teorie* óór een of ander saak in die teologie.

Die *vraag* of 'n teologiese uitspraak, of geheel van uitsprake inderdaad wáár is, werklikheid tref, is geheel afhanklik van hierdie tipe van metodebewustheid. En hierdie fundamentele vraag is myns insiens nòg te beantwoord deur die blote konstatering van 'n outoritêre denkmodel oor 'n bepaalde saak (teologie kan nooit blote teologie-van-gister wees nie, want God is nie 'n God slegs van gister nie), nòg deur vas te klem aan een of ander verifikasieproses.

Juis om hierdie rede het ek die begrip 'verifikasie' in my artikel probeer vermy, (onder andere vanweë die eng natuurwetenskaplike konnotasie wat dikwels daaraan geheg word) en liewer probeer vra: hoe legitimeer die sistematiese teologie homself ten opsigte van die verwysingsraamwerk waarbinne dit sy uitgangspunt en *begronding* vind. Die vraag na begronding van teologiese uitsprake is uiteindelik die vraag na een of ander vorm van *kontrole* oor die gehalte van hierdie uitsprake – en kontrole is 'n veel breër begrip as verifikasie.

En juis om hierdie rede kan ek heeltemal met König saamstem wanneer hy onder punt 6 van sy opmerkinge stel dat die teologie dié wetenskap is wat die Christelike tradisie bestudeer. Hiér vind die teologie sy sogenaamde „Konteks van Ontdekking", die bron vir sy hipotese-vorming, en daarom ook is die hermeneutiese vraag vandag die sentrale vraag van óók die sistematiese teologie. Van die teologie word die geweldig moeilike taak verwag om as 'hermeneutiek van die Christelike openbaring' homself wáár te maak deur uitsprake oor gebeurtenisse uit die verlede; gebeurtenisse wat terselfdertyd ingrypende konsekwensies vir die toekoms het én slegs vanuit die onaf, ope toekoms (dit wil sê eskatologies) geloofwaardig gestruktureer kan word.

In my artikel het ek duidelik probeer stel dat geloofsuitsprake

nooit as begronding kan dien vir teologiese uitsprake nie. Dit beteken doodgewoon dat verál die sistematiese teoloog moet oppas vir die vernietigende gevaar van teologiese subjektivisme. Dit beteken egter nié dat die wetenskaplike teoloog hom op 'neutrale' wyse moet 'losmaak' van sy persoonlike geloofstandpunt nie (wat in elk geval onmoontlik is), maar wél dat hierdie moment van subjektiviteit *metodies* vanaf die begin bewustelik verantwoord moet word. Dit beteken ook nie dat die teoloog die antwoord op die vraag na die waarheid van sy geloof in die konsensus van 'n bepaalde (kerklike) groep gaan of moet vind nie (vergelyk Gerhard Sauter se standpunt); nòg beteken dit dat die sistematiese teologie in álle gevalle vooraf gegaan móét word deur 'n breë „teologie van die religieë". (Vergelyk Wolfhart Pannenberg se standpunt hieroor).

Teen hierdie agtergrond wil ek ten slotte graag bale kortliks verwys na enkele van König se opmerkinge:

(1) Hopelik is my bedoeling nou duideliker: wanneer König onder punt 1 aanhaal „dat die minimum eis vir wetenskaplikheid is dat geen uitspraak ongetoets vooronderstel kan word nie", dit hier nie noodwendig oor die *intensie* van die uitspraak gaan nie, maar wel oor die wyse waarop 'n bepaalde uitspraak *tot stand kom* (vergelyk byvoorbeeld: hipotese- en teorievorming).

(2) Aan die einde van punt 4 van sy kommentaar stel König dat hy 'n teenspraak aanvoel wanneer ek stel dat 'n bepaalde teologiese konsepsie dit onmoontlik sou maak om vas te stel of teologiese uitsprake „werklik God en sy openbaring uitspreek", óf eerder menslike oortuiginge óór God en sy openbaring. Ek dink hier is bloot 'n misverstand: natuurlik is álle teologie menslike denke oor God en sy openbaring, en tereg stel König dat ek prinsipieel die moontlikheid afwys om *onbemiddeld* by God en sy openbaring te begin teologiseer. Die probleem ontstaan eers wanneer 'n bepaalde *teologie* pretendeer dat dit wél in staat is om God en sy openbaring eens en vir altyd te deurdink. Trouens, beide Heyns en Jonker beklemtoon die voorlopige, menslike karkater van die teologie.

Weer eens egter: konsepte soos openbaringsteologie en Skrifteologie *vrywaar* ons nie van metodiese gekompliseerdheid wanneer ons probeer om die wonder van Gods openbaring te verstaan nie. Daarom het ek ernstige bedenkinge wanneer König onder punt 6 stel dat ek „te veel prinsipiële betekenis" aan die sogenaamde hermeneutiese distansies heg en dat dit eerder as *praktiese* probleme gesien moet word. In 'n teologie wat wetenskap van die Christelike tradisie wil wees, sal die éérste vraag tog die vraag na die aard en gesag van die Bybel wees: en hierdie vraag is prinsipieel 'n hermeneutiese probleem (en vir ons in Suid-Afrika: óók die vraag na 'n geldige en geloofwaardige vertrekpunt vir die sistematiese teologie).

(3) Een van König se hoofbesware is dat van my uitsprake die indruk skep dat ekself eenvoudig basiese uitgangspunte outoritêr poneer (vergelyk sy punt 5). Hopelik is van die besware opgehef na aanleiding van wat ek hier probeer verduidelik het. Miskien moet ek tog kortliks verwys na König se vraag: „Wie sê die Godsgedagte is universalisties?" Ek moet bely dat ek die vraag nie goed begryp nie — vir my lyk die afleiding logies, naamlik dat indien God werklik God is, sou dit tot sy wese moes behoort om *universele* God te wees. Ek konstateer dus nie outoritêr nie, maar meen wel dat dit 'n logiese implikasie van die Godsbegrip sou moes wees dat God gróter, méér as die voorhande werklikheid moet wees. Een van my studente het dit onlangs só geformuleer: „God sal tog nie 'n klip kan skep wat Hy self nie kan optel nie!" Ek hoop dié beeld dra oor wat ek bedoel het.

(4) König se vraag: „wie sê hierdie Godsgedagte is 'n ware, korrekte gedagte oor die ware God?" raak natuurlik wel die hárt van die probleem van die teologie van ons tyd. Hopelik is dit na my opmerkinge hier duidelik dat ek darem werklik nie 'neutraal' probeer teologiseer vanuit 'n Gods*gedagte* sonder enige teoretiese verantwoording nie. Inteendeel: ek probeer net stel dat die vraag na God, én die antwoord(e) wat ons daarop gee, krities en argumentatief benader moet word. Om 'n geloofs*beslissing* teoreties te wou verifieer, sou in absurditeit moet eindig. Ek meen egter wel dat die sistematiese teologie 'n verpligting tot rasionaliteit het: en in die nadenke oor Gods openbaring in die geskiedenis

moet dit bereid wees tot kritiese verantwoording, maar ook *metodies* bereid wees tot begrensde uitsprake omdat die Objek van ons nadenke steeds alle begripsvorming oor Hom vooruit is.

(5) König se beswaar dat ek ongekontroleerd poneer dat die Skrif die enigste vertrekpunt vir die teologie is, en dat die Skrif gesag het *omdat* dit ons na die Christusgebeure lei, wil ek 'antioutoritêr' probeer opvang deur te stel: die Bybel, as bundel van 'oorsprongsdokumente', is *in feite* die enigste toegang tot dié gebeure wat die geloof van die Christendom begrond. Dit is 'al' wat ons het, dit móét geïnterpreteer word en is daarom enigste vertrekpunt, sowel as toegang tot Jesus van Nasaret en die Christusgebeure wat uiteindelik ons geloof begrond.

**